



STAATSKOERANT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT №. 2840

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST

REGULATION GAZETTE №. 2840

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

BUITELANDS 30c ABROAD

Registered at the Post Office as a Newspaper

POSVRY · POST FREE

VOL. 170]

PRETORIA, 17 AUGUSTUS 1979

[No. 6620

PROKLAMASIES

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 168, 1979

DIE ADMINISTRASIE VAN EN DIE BEHEER OOR LAERHOWE EN DIE REGSPRAAK IN DIE VOORMALIGE GEBIED 2 VAN DIE DISTRIK DZANANI

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 25 van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), gelees met artikel 21 van die Ontwikkelingstrust en Grondwet, 1936 (Wet 18 van 1936), bepaal ek hierby dat, ondanks andersluidende wetsbepalings—

(i) die gebied omskryf in Bylae A van Goewermentskennisgewing 971 van 4 Mei 1979, wat by Goewermentskennisgewing 974 van 4 Mei 1979 ingesluit is in die distrik Soutpansberg in die provinsie Transvaal (hierna die Gebied genoem), vir doelendes van die administrasie van en die beheer oor laerhowe en die regspraak in die Gebied geag word deel te wees van die distrik Dzanani;

(ii) strafregtelike en ander verrigtinge wat op die datum van afkondiging van hierdie Proklamasie in die Landdroshof, Soutpansberg, reeds 'n aanvang geneem het, voortgesit en afgehandel word asof hierdie Proklamasie nie afgekondig is nie indien bedoelde verrigtinge op die datum van afkondiging van hierdie Proklamasie nie afgehandel is nie.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Dertigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. G. J. KOORNHOF.

No. R. 169, 1979

VENDA-WETGEWENDE VERGADERING.—
WYSIGING VAN PROKLAMASIE R. 119 VAN 1971

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 1 (2) van die Grondwet van die Swart State, 1971 (Wet

PROCLAMATIONS

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 168, 1979

THE ADMINISTRATION OF AND THE CONTROL OVER LOWER COURTS AND THE ADMINISTRATION OF JUSTICE IN THE FORMER AREA 2 OF THE DISTRICT OF DZANANI

By virtue of the powers vested in me by section 25 of the Black Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), read with section 21 of the Development Trust and Land Act, 1936 (Act 18 of 1936), I hereby determine that, notwithstanding anything to the contrary in any other law contained—

(i) the area which was defined in Schedule A to Government Notice 971 of 4 May 1979 and included in the District of Soutpansberg in the Province of the Transvaal by Government Notice 974 of 4 May 1979 (hereinafter referred to as the Area) shall, for the purposes of the administration of and the control over lower courts and the administration of justice in the Area, be deemed to be part of the District of Dzanani;

(ii) criminal and other proceedings commenced before the date of promulgation of this Proclamation in the Magistrate's Court, Soutpansberg, shall, if such proceedings have at the date of promulgation of this Proclamation not been concluded, be continued and concluded as if this Proclamation had not been promulgated.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Thirtieth day of July, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. G. J. KOORNHOF.

No. R. 169, 1979

VENDA LEGISLATIVE ASSEMBLY.—AMENDMENT OF PROCLAMATION R. 119 OF 1971

By virtue of the powers vested in me by section 1 (2) of the Black States Constitution Act, 1971 (Act 21 of

21 van 1971), wysig ek hierby die gebied van die Venda-Wetgewende Vergadering, soos omskryf in die Bylae van Proklamasie R. 119 van 1971, deur genoemde Bylae deur bygaande Bylae te vervang.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Dertigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-raad:

P. G. J. KOORNHOF.

“BYLAE

GEBIED VAN DIE VENDA- WETGEWENDE
VERGADERING

Die gebied bestaande uit die volgende distrikte, naamlik:

- (a) Sibasa;
- (b) Dzanani;
- (c) Vuwani;
- (d) Mutale.”.

No. R. 170, 1979

INWERKINGTREDING VAN DIE WYSIGINGS-
WET OP KINDERS, 1977 (WET 15 VAN 1977)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Wysigingswet op Kinders, 1977 (Wet 15 van 1977), verklaar ek hierby dat genoemde Wet op 1 September 1979 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-raad:

S. W. VAN DER MERWE.

No. R. 171, 1979

VEE- EN VLEISREËLINGSKEMA.—WYSIGING

Nademaal die Minister van Landbou kragtens artikel 9 (2) (c), saamgelees met artikel 15 (3), van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die voorgestelde wysiging in die Bylae hiervan uiteengesit, van die Vee- en Vleisreëlingskema, aangekondig by Proklamasie R. 200 van 1964 aangeneem het, en kragtens artikel 12 (1) (b) van genoemde Wet goedkeuring van die voorgestelde wysiging aanbeveel het;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 14 (1) (a) saamgelees met die genoemde artikel 15 (3) van genoemde Wet, hierby verklaar dat die genoemde wysiging op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sesde dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-raad:

H. S. J. SCHOE MAN.

1971), I hereby amend the area of the Venda Legislative Assembly, as defined in the Schedule to Proclamation R. 119 of 1971, by the substitution for the said Schedule of the accompanying Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Thirtieth day of July, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. G. J. KOORNHOF.

“SCHEDULE

AREA OF THE VENDA LEGISLATIVE
ASSEMBLY

The area consisting of the following districts, namely:

- (a) Sibasa;
- (b) Dzanani;
- (c) Vuwani;
- (d) Mutale.”.

No. R. 170, 1979

COMMENCEMENT OF THE CHILDREN'S
AMENDMENT ACT, 1977 (ACT 15 OF 1977)

By virtue of the powers vested in me by section 5 of the Children's Amendment Act, 1977 (Act 15 of 1977), I hereby declare that the said Act shall come into operation on 1 September 1979.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-seventh day of July, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

S. W. VAN DER MERWE.

No. R. 171, 1979

LIVESTOCK AND MEAT CONTROL SCHEME.—
AMENDMENT

Whereas the Minister of Agriculture has, in terms of section 9 (2) (c), read with section 15 (3), of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), accepted the proposed amendment as set out in the Schedule hereto, to the Livestock and Meat Control Scheme, published by Proclamation R. 200 of 1964 and has, in terms of section 12 (1) (b) of the said Act, recommended the approval of the proposed amendment;

Now, therefore, under the powers vested in me by section 14 (1) (a) read with the said section 15 (3) of the said Act, I hereby declare that the said amendment shall come into operation on the date of publication hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Sixth day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

H. S. J. SCHOE MAN.

BYLAE

Die Vee- en Vleisreëlingskema, afgekondig by Proklamasie R. 200 van 1964, soos gewysig, word hierby verder gewysig—

- (a) deur in artikel 13 (2) die woord "agt" deur die woord "tien" te vervang; en
- (b) deur in artikel 13D (2) die woord "ses" deur die woord "sewe" te vervang.

GOEWERMENSKENNISGEWINGS**DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS**

No. R. 1763 17 Augustus 1979
DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 4 (No. 4/248)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 4 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

P. T. C. DU PLESSIS, Adjunk-minister van Finansies.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
460.02	Deur na tariefpos No. 10.04 die volgende in te voeg: ,,12.01 Sonneblomsaad, in die hoeveelhede en op die tye wat die Sekretaris van Landbou-ekonomiese en -bemarking by bepaalde permit toelaat	Volle reg"

Opmerking.—Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op sonneblomsaad, in die hoeveelhede en op die tye wat die Sekretaris van Landbou-ekonomiese en -bemarking by bepaalde permit toelaat.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
460.02	By the insertion after tariff heading No. 10.04 of the following: “12.01 Sunflower seed, in such quantities and at such times as the Secretary for Agricultural Economics and Marketing may allow by specific permit	Full duty”

Note.—Provision is made for a rebate of the full duty on sunflower seed, in such quantities and at such times as the Secretary for Agricultural Economics and Marketing may allow by specific permit.

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN VERBRUIKERSAKE

No. R. 1758 17 Augustus 1979
MAATSKAPPYWET, 1973

ADMINISTRATIEWE REGULASIES VIR MAATSKAPPYE, 1973

Die Minister van Nywerheidswese en van Handel en Verbruikersake het kragtens artikel 15 van die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), die Administratiewe Regulasies vir Maatskappye, 1973, afgekondig by Goewermenskennisgewing R. 1948 van 19 Oktober 1973, gewysig deur in Bylae 2 van genoemde regulasies Vorm CM32 deur die vorm vervat in die Bylae hiervan te vervang.

DEPARTMENT OF COMMERCE AND CONSUMER AFFAIRS

No. R. 1758 17 August 1979
COMPANIES ACT, 1973

COMPANIES ADMINISTRATIVE REGULATIONS, 1973

The Minister of Industries and of Commerce and Consumer Affairs has under and by virtue of section 15 of the Companies Act, 1973 (Act 61 of 1973), amended the Companies Administrative Regulations, 1973, published in Government Notice R. 1948 of 19 October 1973, by the substitution in Schedule 2 to the said regulations for Form CM32 of the form contained in the Schedule hereto.

BYLAE/SCHEDULE

VERANDERING VAN DIE EINDE VAN DIE LOPENDE BOEKJAAR
CHANGE OF THE END OF THE CURRENT FINANCIAL YEAR

Maatskappywet, 1973, artikels 285 (2), 329 (2)—Companies Act, 1973, sections 285 (2), 329 (2)

Registrasiekantoor vir Maatskappye
Departement van Handel en Verbruikersake
Zanzagebou, Proestraat 116, Pretoria, 0002
Posbus 429, Pretoria, 0001
Telegramadres "Maatcom"

Companies Registration Office
Department of Commerce and Consumer Affairs
Zanza Buildings, 116 Proes Street, Pretoria, 0002
P.O. Box 429, Pretoria, 0001
Telegraphic Address "Maatcom"

Naam van maatskappy
Name of company.....

Inkomsteseël of Inkomstefrankeermasjien-stempel
Revenue stamp or Revenue franking machine impression
R2

Registrasie No.
Registration No. [Redacted]

Die einde van die lopende boekjaar is
The end of current financial year is.....

A. Die einde van die lopende boekjaar is *vervoeg na**
The end of the current financial year has been *brought forward to**.....

B. Die einde van die lopende boekjaar moet *verleng* word na*
The end of the current financial year must be *extended to*.....

Redes vir verlenging
Reasons for extension.....
.....
.....

C. Plak bewys van betaling van helfte jaargeld hier ten opsigte van verlenging.
Affix proof of payment of half of annual duty here in respect of extension.

Datum
Date.....

Handtekening: Direkteur/Bestuurder/Sekretaris
Signature: Director/Manager/Secretary

* Hoogstens ses maande/Not exceeding six months.

Goedgekeur/Afgekeur: Registrateur van Maatskappye
Approved/Refused: Registrar of Companies.....
(Moet deur maatskappy ingevul word/To be completed by company)

Geperforeer/Perforated

CM 32

Mededeling van verandering van die einde van die lopende boekjaar gedateer
Advice of change of the end of the current financial year dated.....

Naam van maatskappy
Name of company.....
Posadres
Postal address.....
.....
.....

Goedgekeur/Afgekeur
Approved/Refused

Registrateur van Maatskappye
Registrar of Companies

Drukspesifikasies moet van die Registrateur van Maatskappye verkry word.
Printing specifications must be obtained from the Registrar of Companies.

DEPARTEMENT VAN KLEURLING-, REHO-BOTH- EN NAMABETREKKINGE

No. R. 1790 17 Augustus 1979
WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG
KRGATENS DIE KINDERWET, 1960 (WET 33
VAN 1960)

Kragtens artikel 92 van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), saamgelees met Proklamasie 303 van 1972 en Goewermentskennisgewing R. 2616 van 30 Desember 1977, wysig ek, Norman Stewart Middleton, Lid van die Uitvoerende Bestuur van die Verteenwoerdigende Kleurlingraad aangewys vir Gemeenskapswelsyn en Pensioene, hierby, met ingang van 1 April

DEPARTMENT OF COLOURED, REHOBOTH AND NAMA RELATIONS

No. R. 1790 17 August 1979
AMENDMENT OF REGULATIONS UNDER THE CHILDREN'S ACT, 1960 (ACT 33 OF 1960)

Under section 92 of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), read with Proclamation 303 of 1972 and Government Notice R. 2616 of 30 December 1977, I, Norman Stewart Middleton, Member of the Executive of the Coloured Persons Representative Council entrusted with Community Welfare and Pensions, hereby further amend, with effect from 1 April 1979,

1979, die regulasies uitgevaardig kragtens genoemde artikel en aangekondig by Goewermentskennisgewing R. 236 van 21 Februarie 1964, soos gewysig, verder deur by regulasie 13 (2) die volgende paragraaf te voeg:

"(h) wie se man nie regtens aanspreeklik is om die betrokke kind te onderhou nie."

N. S. MIDDLETON, Aangewese Lid.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 1759 17 Augustus 1979

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE KLASIFIKASIE, VERPAKKING EN MERK VAN SEKERE KORING, HAWER EN ROGPRODUKTE.—WYSIGING

Die Minister van Landbou het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, gemaak.

BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "regulasies" die regulasies aangekondig by Goewermentskennisgewing R. 1981 van 30 September 1977, soos gewysig deur Goewermentskennisgewings R. 564 van 23 Maart 1978, R. 968 van 12 Mei 1978, R. 986 van 19 Mei 1978 en R. 1979 van 29 September 1978.

2. Regulasies 4 (1), 5 (1), 6 (1) en 14 (1) van die regulasies word hierby gewysig deur in subparagraaf (i) van paragrawe (a) en (b), die syfer "15" deur die syfer "14" te vervang.

3. Regulasie 7 (1) van die regulasies word hierby gewysig deur die syfer "15" in subparagraaf (i) van paragraaf (a), deur die syfer "14" te vervang.

4. Regulasie 13 (1) van die regulasies word hierby gewysig deur die syfer "15" in subparagraaf (ii) van paragraaf (a) deur die syfer "14" te vervang.

5. Regulasie 24 (1) van die regulasies word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Die naam van die produsent daarvan en die registrasienommer deur die Koringraad aan sodanige produsent toegeken, of, indien die koringmeelblom, koringmeel, koringsemolina of koringbruismeeel verpak is deur 'n ander persoon as die produsent daarvan, die naam en adres van sodanige ander persoon;".

6. Regulasie 25 (1) van die regulasies word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Die naam van die produsent daarvan en die registrasienommer deur die Koringraad aan sodanige produsent toegeken, of, indien die gebreekte hawer of gemaalde hawer verpak is deur 'n ander persoon as die produsent daarvan, die naam en adres van sodanige ander persoon;".

7. Regulasie 27 (1) van die regulasies word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Die naam van die produsent daarvan en die registrasienommer deur die Koringraad aan sodanige produsent toegeken, of, indien die gebreekte hawer of gemaalde hawer verpak is deur 'n ander persoon as die produsent daarvan, die naam en adres van sodanige ander persoon;".

the regulations made under the said section and published by Government Notice R. 236 dated 21 February 1964, as amended, by the addition to regulation 13 (2) of the following paragraph:

"(h) whose husband is not legally liable to maintain the child concerned."

N. S. MIDDLETON, Designated Member.

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 1759 17 August 1979

REGULATIONS RELATING TO THE CLASSIFICATION, PACKING AND MARKING OF CERTAIN WHEATEN, OATEN AND RYE PRODUCTS.—AMENDMENT

The Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), made the regulations set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

1. In this Schedule "regulations" means the regulations published by Government Notice R. 1981 of 30 September 1977, as amended by Government Notices R. 564 of 23 March 1978, R. 968 of 12 May 1978, R. 986 of 19 May 1978 and R. 1979 of 29 September 1978.

2. Regulations 4 (1), 5 (1), 6 (1) and 14 (1) of the regulations are hereby amended by the substitution in subparagraph (i) of paragraphs (a) and (b) for the figure "15" of the figure "14".

3. Regulation 7 (1) of the regulations is hereby amended by the substitution in subparagraph (i) of paragraph (a) for the figure "15" of the figure "14".

4. Regulation 13 (1) of the regulations is hereby amended by the substitution in subparagraph (ii) of paragraph (a) for the figure "15" of the figure "14".

5. Regulation 24 (1) of the regulations is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

"(a) The name of the producer thereof and the registration number allocated to such producer by the Wheat Board, or if the wheaten flour, wheaten meal, wheaten semolina or wheaten selfraising flour has been packed by a person other than the producer thereof, the name and address of such other person;".

6. Regulation 25 (1) of the regulations is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

"(a) The name of the producer thereof and the registration number allocated to such producer by the Wheat Board, or if the wheaten bran has been packed by a person other than the producer thereof, the name and address of such other person;".

7. Regulation 27 (1) of the regulations is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

"(a) The name of the producer thereof and the registration number allocated to such producer by the Wheat Board, or if the crushed oats or ground oats have been packed by a person other than the producer thereof, the name and address of such other person;".

8. Regulasie 28 (1) van die regulasies word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Die naam van die produsent daarvan en die registrasienommer deur die Koringraad aan sodanige produsent toegeken, of, indien die rogmeelblom of rogmeel verpak is deur 'n ander persoon as die produsent daarvan, die naam en adres van sodanige ander persoon;".

9. Regulasie 29 van die regulasies word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Die naam van die produsent daarvan en die registrasienommer deur die Koringraad aan sodanige produsent toegeken, of, indien die rogsemels verpak is deur 'n ander persoon as die produsent daarvan, die naam en adres van sodanige ander persoon;".

No. R. 1784

17 Augustus 1979

HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP PIESANGS

Ingevolge artikel 79 (a) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), maak ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Piesangraad, vermeld in artikel 6 van die Piesangskema, afgekondig by Proklamasie R. 109 van 1976, soos gewysig, kragtens die bevoegdheid hom verleent by artikels 22 en 23 van genoemde Skema, met my goedkeuring die heffing en spesiale heffing in die Bylae hiervan uiteengesit, opgelê het ter vervanging van die heffing en spesiale heffing afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1553 van 28 Julie 1978.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Piesangskema, afgekondig by Proklamasie R. 109 van 1976, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis en beteken—

"verkoopprys", met betrekking tot piesangs, die bruto prys wat die Raad vir sodanige piesangs behaal.

2. Hierby word 'n heffing opgelê teen 'n koers van 3,3 persent en 'n spesiale heffing teen 'n koers van 0,75 persent van die verkoopprys van piesangs wat—

(a) in die produksiegebied geproduseer en deur bemiddeling van die Raad verkoop is;

(b) in die Republiek ingevoer en deur bemiddeling van die Raad verkoopt word.

3. Hierby word 'n heffing opgelê teen 'n koers van 3,3 persent op die bruto opbrengs gerealiseer vir piesangs wat uit die produksiegebied verwyn word, uit hoofde van 'n permit kragtens artikel 39 van die Skema uitgereik: Met dien verstaande dat die koers van die heffing 17c per 20 kg netto massa piesangs sal wees in gevallen waar die bruto opbrengs wat die permithouer ten opsigte van sodanige piesangs gerealiseer nie aan die Raad bewys kan word nie.

4. Hierdie kennisgewing tree in werking op die datum van publikasie daarvan en herroep Goewermentskennisgewing R. 1553 van 28 Julie 1978 met ingang vanaf dieselfde datum.

8. Regulation 28 (1) of the regulations is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

"(a) The name of the producer and the registration number allocated to such producer by the Wheat Board, or if the rye flour or rye meal has been packed by a person other than the producer thereof, the name and address of such other person;".

9. Regulation 29 of the regulations is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

"(a) The name of the producer thereof and the registration number allocated to such producer by the Wheat Board, or if the rye bran has been packed by a person other than the producer thereof, the name and address of such other person;".

No. R. 1784

17 August 1979

LEVY AND SPECIAL LEVY ON BANANAS

In terms of section 79 (a) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby make known that the Banana Board, referred to in section 6 of the Banana Scheme, published by Proclamation R. 109 of 1976, as amended, has under the powers vested in it by sections 22 and 23 of the said Scheme, with my approval imposed the levy and special levy set out in the Schedule hereto, in substitution for the levy and special levy published by Government Notice R. 1553 of 28 July 1978.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Banana Scheme, published by Proclamation R. 109 of 1976, as amended, shall have a corresponding meaning, and—

"selling price", in relation to bananas, means the gross price realised by the Board for such bananas.

2. There is hereby imposed a levy at a rate of 3,3 per cent and a special levy at a rate of 0,75 per cent of the selling price of bananas—

(a) produced in the production area and sold through the Board;

(b) imported into the Republic and sold through the Board.

3. There is hereby imposed a levy at a rate of 3,3 per cent on the gross proceeds realised for bananas removed from the production area by virtue of a permit issued in terms of section 39 of the Scheme: Provided that the rate of such levy shall be 17c per 20 kg net mass bananas in cases where the gross proceeds realised by the permit holder in respect of such bananas cannot be proved to the Board by such permit holder.

4. This notice shall come into operation on the date of publication thereof and repeals Government Notice R. 1553 of 28 July 1978 with effect from the same date.

No. R. 1772 17 Augustus 1979
REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING, VERPAKKING EN MERK VAN GROEN ENKEL PIESANGS BESTEM VIR VERKOOP KRAGTENS 'N PERMIT UITGEREIK DEUR DIE PIESANGRAAD IN TERME VAN ARTIKEL 39 VAN DIE PIESANGSKEMA.—WYSIGING

Die Minister van Landbou het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, gemaak.

BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1097 van 25 Mei 1979.

2. Regulasie 4 (2) van die regulasies word hierby gewysig deur paragraaf (p) deur die volgende paragraaf te vervang:

Gehalte faktor *Enkel piesangs*

"(p) Grootte..... Minstens 150 mm in lengte en minstens 95 mm in omtrek: Met dien verstande dat piesangs met 'n lengte van minstens 140 mm toelaatbaar sal wees, mits die omtrek van sodanige piesangs 100 mm of meer is."

No. R. 1772 17 Augustus 1979
REGULATIONS RELATING TO THE GRADING, PACKING AND MARKING OF GREEN SINGLE BANANAS INTENDED FOR SALE UNDER A PERMIT ISSUED BY THE BANANA BOARD IN TERMS OF SECTION 39 OF THE BANANA SCHEME.—AMENDMENT

The Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), made the regulations set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

1. In this Schedule "regulations" means the regulations published by Government Notice R. 1097 of 25 May 1979.

2. Regulation 4 (2) of the regulations is hereby amended by the substitution for paragraph (p) of the following paragraph:

<i>Quality factor</i>	<i>Single bananas</i>
"(p) Size..... At least 150 mm in length and at least 95 mm in circumference: Provided that bananas with a length of at least 140 mm will be allowable if the circumference of such bananas is 100 mm or more."	

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE

No. R. 1753 17 Augustus 1979
VEEVERBETERINGSWET, 1977
(WET 25 VAN 1977)

WYSIGING VAN DIE REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE KUNSMATIGE INSEMINERING EN INOVULERING VAN DIERE EN DIE INVOER EN UITVOER VAN DIERE, SEMEN, EISELLE EN EIERS

Die Minister van Landbou het kragtens artikel 34 (1) van die Veeverbeteringswet, 1977 (Wet 25 van 1977), saamgelees met artikel 3 (4) van die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Algemene Bepalings), 1977 (Proklamasie AG 7 van 1977), van die Administrateur-generaal van Suidwes-Afrika die regulasies met betrekking tot die kunsmatige inseminering en inovulering van diere en die invoer en uitvoer van diere, semen, eiselle en eiers gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 851 van 27 April 1979 gewysig deur die volgende regulasie na regulasie 38 in te voeg:

"Toepassing van hierdie regulasies in Suidwes-Afrika

38A. Hierdie regulasies is ook in die Gebied van toepassing en is, vir sover dit aldus van toepassing is, met die toestemming van die Administrateur-generaal uitgevaardig."

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES

No. R. 1753 17 August 1979
LIVESTOCK IMPROVEMENT ACT, 1977
(ACT 25 OF 1977)

A M E N D M E N T O F T H E R E G U L A T I O N S R E L A T I N G T O T H E A R T I F I C I A L I N S E M I N A T I O N A N D I N O V U L A T I O N O F A N I M A L S A N D T H E I M P O R T A T I O N A N D E X P O R T A T I O N O F A N I M A L S , S E M E N , O V A A N D E G G S

The Minister of Agriculture has, under section 34 (1) of the Livestock Improvement Act, 1977 (Act 25 of 1977), read with section 3 (4) of the Executive Powers Transfer (General Provisions) Proclamation, 1977 (Proclamation AG 7 of 1977), of the Administrator-General for South West Africa, amended the regulations relating to the artificial insemination and inovulation of animals and the importation and exportation of animals, semen, ova and eggs published by Government Notice R. 851 of 27 April 1979, by the insertion after regulation 38 of the following regulation:

"Application of these regulations in South West Africa

38A. These regulations shall also apply in the Territory and were, in so far as they so apply, made with the consent of the Administrator-General."

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAM-BENUTTING

No. R. 1751 17 Augustus 1979
LOONWET, 1957
VERVERSINGSBEDRYF, SEKERE HOOFGEBIEDE

Die onderstaande verbetering van Goewermentskennisgewing R. 1578 wat in *Staatskoerant* 6594 van 20 Julie 1979 verskyn, word vir algemene inligting gepubliseer:

In klousule 2 van die Afrikaanse teks van die Bylae vervang "3 (1)" deur "3 (1) (b)".

DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

No. R. 1751 17 August 1979
WAGE ACT, 1957
CATERING TRADE, CERTAIN PRINCIPAL AREAS

The following correction to Government Notice R. 1578 appearing in *Government Gazette* 6594 of 20 July 1979, is published for general information:

In clause 2 of the Afrikaans version of the Schedule substitute "3 (1) (b)" for "3 (1)".

No. R. 1768

17 Augustus 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

LEKKERGOEDNYWERHEID, JOHANNESBURG.—WYSIGING VAN VOORSORGFONDSCOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Lekkergoednywerheid betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 12 Junie 1984 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 12 Junie 1984 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (2) van die Wysigingsooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 12 Junie 1984 eindig, in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (2) van die Wysigingsooreenkoms *mutatis mutandis* bindend is vir alle Swartes in diens in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Swartes in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE LEKKERGOEDNYWERHEID, JOHANNESBURG.—VOORSORGFONDSCOOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Sweet Industries Association (Transvaal)

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Sweet Workers' Union

(hierna die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Lekkergoednywerheid, Johannesburg,

om die Voorsorgfondsooreenkoms gepubliseer by Goewernementskennisgewing R. 616 van 30 Maart 1979 te wysig.

1. TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

Hierdie Ooreenkoms moet in die Lekkergoednywerheid nagekom word—

(1) deur alle werkgewers wat lede van die werkgewersorganisasie is en deur alle werknemers wat lede van die vakvereniging is;

No. R. 1768

17 August 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

SWEETMAKING INDUSTRY, JOHANNESBURG.—AMENDMENT OF PROVIDENT FUND AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Sweetmaking Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 12 June 1984, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 12 June 1984, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the areas specified in clause 1 (2) of the Amending Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in clause 1 (2) of the Amending Agreement and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 12 June 1984, the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1), shall *mutatis mutandis* be binding upon all Blacks employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Blacks in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE SWEETMAKING INDUSTRY, JOHANNESBURG.—PROVIDENT FUND AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Sweet Industries Association (Transvaal)

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

Sweet Workers' Union

(hereinafter referred to as the "employees" or "trade union"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Sweetmaking Industry, Johannesburg,

to amend the Provident Fund Agreement published under Government Notice R. 616 of 30 March 1979.

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

The terms of this Agreement shall be observed in the Sweetmaking Industry—

(1) by all employers who are members of the employers' organisation and all employees who are members of the trade union;

(2) in die landdrosdistrik Johannesburg (uitgesonderd daardie gedeeltes wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewings 2448, 521 en 1383 van onderskeidelik 3 Desember 1954, 18 Maart 1955 en 11 September 1964, binne die landdrosdistrik Roodepoort geval het, uitgesonderd daardie gedeeltes wat ingevolge Goewermentskennisgewing 1618 van 2 Oktober 1970 vanaf die landdrosdistrikte Roodepoort, Kempton Park en Germiston oorgeplaas is en uitgesonderd daardie gedeeltes wat ingevolge Goewermentskennisgewing 871 van 26 Mei 1972 vanaf die landdrosdistrik Kempton Park oorgeplaas is) en in daardie gedeeltes van die landdrosdistrikte Kempton Park en Randburg wat, onderskeidelik, voor die publikasie van Goewermentskennisgewing 553 van 29 Maart 1956 en voor 1 Januarie 1975 (Goewermentskennisgewing 2152 van 22 November 1974), binne die landdrosdistrik Johannesburg geval het.

2. KLOUSULE 4.—VOORSORGFONDS

(1) In subklousule (6), vervang paragraaf (b) deur die volgende:

"(b) As 'n lid die Nywerheid by of na bereiking van die aftree-ouderdom verlaat, of as 'n lid verplig is om weens onvermoë om te werk af te tree voordat hy aftree-ouderdom bereik en die Bestuurskomitee daarvan oortuig is dat hy geheel en al nie in staat is om in die Nywerheid 'n bestaan te maak nie, en mits die totale getal van sy eie bydraes in beide gevalle 520 of meer is, moet die Fonds aan sodanige lid die bystand betaal waarvoor in paragraaf (a) voorsiening gemaak word, of voordele gelykstaande met sy eie en die werkgever se bydraes, naamlik die grootste bedrag, plus 5 persent, bereken slegs op sy eie bydraes, vir elke 52 bydraes deur hom gemaak, behoudens 'n maksimum van 110 persent.

Indien die totale getal bydraes van sodanige lid minder as 520 is, is hy net geregtig op betaling ingevolge paragraaf (a) hiervan."

(2) In subklousule (6), vervang paragraaf (d) deur die volgende:

"(d) Wanneer 'n lid wat 520 bydraes betaal het die Nywerheid verlaat, moet aan hom 'n bonus, soos hieronder uiteengesit, betaal word vir elke 52 voltooide bydraes deur hom betaal, bereken volgens die skaal waarop hy bygedra het: Met dien verstande egter dat die maksimum bonus betaalbaar die is wat bereken is op 1144 bydraes:

<i>Bydrae per week</i>	<i>Bonus</i>
c	R
4	2,40
5	3,00
6	3,50
13	7,50
17	10,00

Ingeval die lid se bydraes gewissel het, moet die bydrae vir die grootste getal weke in die 52 weke onmiddellik voor die datum waarop hy die Nywerheid verlaat, geag word die bydrae te wees wat die betaalbare bonus bepaal.

Afgesien van die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree, is die bonus betaalbaar aan alle werknekmers wat daarvoor kwalifiseer en wat die Nywerheid na 31 Desember 1967 verlaat.

Die bonus is betaalbaar slegs ses maande nadat die werknekmer uit die diens van die Nywerheid getree het, maar as 'n lid te sterwe kom, is dit onmiddellik betaalbaar."

Namens die partye op hede die 15de dag van Mei 1979 in Johannesburg onderteken.

R. H. BENNETT, Voorsitter.

I. LITTLEFORD, Ondervoorsitter.

W. B. FLOWERS & COMPANY INC., Sekretaris.

No. R. 1794

17 Augustus 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

KLERASIENYWERHEID, NATAL.—WYSIGING VAN HOOFOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Manganesekrabbenutting, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Klerasienywerheid betrekking het, met ingang van

